

LEES die volgende SAAM en BESPREEK of julle met die stellings wat hier gemaak word, saamstem of nie:

Geloof is die een ding wat ons nodig het om te leef in 'n verhouding met Jesus Christus. Baie mense **weet net** van Jesus en bewonder Hom selfs, maar **die vraag is of jy in Jesus glo?** Om te glo beteken nie jy is hierdie wonder-Christen wat al die antwoorde op die lewe se moeilike vra het nie. **Geloof is nie iets wat jy bereik nie.** Dit beteken ook nie vroomheid nie. **Dit is 'n geskenk van die Heilige Gees wat jou instaat stel om op reis te wees met God** en God op God se Woord te neem. Dit is die vermoë om deur die lewe se op- en af-tye **vas te hou aan die wete dat God jou God se geliefde kind noem en jou nooit in die steek sal laat nie.** **Geloof los nie ons probleme op nie, maar ons geloof in God se trou help ons** om ons probleme met meer kalmte te hanteer sodat ons daardeur kan groei.

LUISTER/LEES: Markus 1:16-20 *Jesus roep sy eerste dissipels*

¹⁶Eendag toe Jesus langs die See van Galilea loop, het Hy vir Simon en Simon se broer Andreas gesien waar hulle besig was om werpnette in die see uit te gooi. Hulle was vissers van beroep. ¹⁷Hy het toe vir hulle gesê: “Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak.” ¹⁸Onmiddellik het hulle die nette gelos en Hom gevolg. ¹⁹Toe Hy 'n entjie verder gaan, het Hy vir Jakobus seun van Sebedeus, en sy broer Johannes gesien waar hulle in die skuit besig was om hulle nette reg te maak, ²⁰en dadelik het Hy hulle geroep. Hulle het hulle pa, Sebedeus, net so saam met die loonarbeiders in die skuit gelaat en saam met Jesus gegaan.

BESPREEK (as Omgee-groeigroep) elkeen van die volgende punte/vrae:

- Wat in hierdie Skrifgedeelte spreek jou aan/staan vir jou uit. Deel in groep.
- Verbeel jou jy is 'n dissipel in die verhaal wat besig is met jou dagtaak en Jesus kom verby en sê vir jou: “Kom hier”. Waaraan sou jy dink? Hoe sal jy voel? Wat sou jy doen?
- Wat beteken dit vir jou dat jy **deur Jesus geroep** is?
- Wat behels dit in vandag se tyd **om Jesus te volg**?
- Kan jy dink aan 'n geleentheid waar jy uitgedaag is om **iets wat vir jou belangrik is agter te los vir jou geloof**?

DOEN (tuis op eie):

- **Vra iemand in die volgende week uit** oor waar hulle geloofspad met die Here begin het. Vertel hulle sommer ook van jou geloofspad.
- **Kry die volgende reg vir die volgende Omgee-groep-byeenkoms:** Skryf 'n geloofsbelydenis waarin jy in jou eie woorde skryf wat jy glo. Om dit makliker te maak: gebruik die volgende onderwerpe en skryf 'n sin of twee by elkeen: Jesus, God, Heilige Gees, Kerk, Bybel, wie ons is en wat ons doen.

BID:

- **Stilgebed elkeen op eie:** Here, ek wil U ook graag onvoorwaardelik volg. Help my om te glo, want daar is dikwels ander dinge in my lewe wat vir my moeilik maak soos...
- **As Omgee-groeigroep:** Bid vir die sendelinge en sendinggebiede wat deur ons gemeente(ledede) ondersteun word.
- Bid tot die Here oor die bedrag wat as Geloofsoffer gegee moet word t.o.v. ons sendelinge, en dat nog meer lidmate daartoe sal bydra vanjaar. Bid vir diegene wat nog dink/bid/besluit of en hoeveel hulle moet bydra.

(Bostaande is vanaf <http://www.onsglo.co.za/2017/02/15/1-geloof/> oorgeneem en aangepas)